DIE FEESTE VAN DIE MAAND ABIB EN WAT DIT VIR JOU EN MY BETEKEN: PESACH (PASGA), MATSAH (ONGESUURDE BRODE) EN REHSHIET (EERSTELING-GERF).

1. Watter maand is Abib en hoe word dit bepaal?

Die maand Abib is die eerste maand van die jaar volgens die kalender wat Yahweh self deur Moshe (Moses) aan die volk bekendgemaak het (Shemoth / Eks 12:2). Hierdie maand begin met die nuwemaan nadat die eerste ryp gerwe gars in Yisrael aangetref is en val gewoonlik in Maart of April. Die naam "Abib"(vgl. Debarim / Deut 16:1) beteken "groen, jong gerf" en daar moet groen garsgerwe in die maand Abib beskibaar wees om tydens die eersteling gerf seremonie (tydens Ongesuurde Brode) te gebruik. As dit tyd is vir die maand Abib om aan te breek en daar is nog nie groen gerwe op die landerye te siene nie, word daar 'n dertiende maand by die voorafgaande jaar bygevoeg, sodat die eerste maand van die nuwe jaar (d.w.s. die maand Abib) met die oessiklus kan saamval. Die maande van die Skrif is lunêr (dit wil sê dit word streng volgens die siklus van die maan bepaal) en is altyd 29 of 30 dae lank.

2. Wat gebeur met Pesach en wanneer vind dit plaas?

Pesach kan verwys na die dag waarop die voorbereidings vir die Fees van Ongesuurde Brode getref word of na die lam wat op hierdie dag geslag word. Dit is by uitstek 'n herinnering aan die dag voor die uittog uit Mitsrayim (Egipte) toe die Yisraeliete lammers moes slag en die bloed aan die deurkosyne van hulle woonplekke moes smeer om te verseker dat hulle eersgeborenes gespaar word. Pesach is afgelei van die woord "pasach" wat beteken om "oor te slaan" of "oor te spring" en moet op die 14 de van die maand Abib gehou word. Deel van die voorbereidings op hierdie dag is die verwydering van alle suurdeeg uit ons "grondgebied", volgens die voorskrif van Debarim / Deut 16:4. Vir ons wat weet dat ons "Pesach" reeds geslag is (vgl. 1 Kor 5:7) beteken die pasga 'n dag van herinnering (aan die feit dat Yahweh ons ook deur sy groot guns tot "eersgeborenes" aangeneem het en "oorgeslaan" of "vrygepsreek" het deur die bloed van sy Seun) asook 'n dag van voorbereiding vir die belangrike feesmaal wat op die aand tussen die 14 de en 15 de Abib plaasvind. Daar is 'n afsonderlike lering beskikbaar met die titel "OP WATTER DAG BEHOORT PESACH GEVIER TE WORD" wat in meer besonderhede ingaan op die vraag of pesach tydens die eerste of die laaste gedeelte van 14 Abib gehou behoort te word. Daar word soms in die Skrif van "pesach" of "matsah" gepraat as die totale periode van 14 tot 21 Abib (vgl Luk 22:1). Wanneer 'n gedeelte soos Matt 26:17 dus van die "eerste dag van Ongesuurde Brode" praat, verwys dit na die aanbreek van 14 Abib, dit wil sê die aand voordat Y'shua tereggestel is.

3. Wat gebeur met Matsah en wanneer vind dit plaas?

Matsah verwys na soet of suurdeeglose brood wat volgens die Skrif tydens die Fees van Ongesuurde brode vanaf 15 Abib tot en met 21 Abib geëet moet word. Die fees duur dus sewe volle dae - die getal van volkomenheid (7) dui daarop dat Yahweh ons nie net vryspreek (pesach) nie, maar dat Hy ons ook tot volmaaktheid wil lei en by die punt wil bring waar ons alle vorme van suurdeeg (d.w.s. valsheid, misleiding, sonde) uit ons lewens verwyder. Om dus letterlik alle vorme van suurdeeg uit ons huise te verwyder vir die volle periode van sewe dae, het 'n baie spesifieke en belangrike betekenis. Die eerste en laaste dag van hierdie fees (d.w.s. die 15 de en 21 ste Abib) moet aan Yahweh afgesonder word deur spesiale byeenkomste (vgl. Bemidbar / Num 28:18,25) en geen beroepswerk mag op hierdie dae verrig word nie (vgl. Wayyikra / Lev 23:6-8). Ek glo dat ons Vader so 'n bepaling nie ligtelik sou gemaak het nie en dat dit vir ons 'n aanduiding is hoe belangrik en verreikend die betekenis van hierdie fees is. Die Skrif bepaal dat die enigste werk wat op hierdie twee feesdae verrig mag word, is dit wat verbandhou met die voorbereiding van die etes op hierdie dae (vgl. Shemoth / Eks 12:16). Op die 15 de Abib is dit net mooi volmaan - aan die een kant die ideale toestande vir die volk om tydens die nag uit Egipte weg te trek en aan die ander kant Yahweh se eie "teken" om vir ons 'n aanduiding te gee van hoe belangrik hierdie dag in sy oë is. Die eerste dag van "matsah" het vir ons die bykomende betekenis dat dit die dag is waarop ons die dood van die Messias en die aanbreek van die Nuwe Verbond gedenk

deurdie simbole van wyn en (ongesuurde) brood (vgl. Matt 26:26-28) en die wassing van mekaar se voete (vgl. Joh 13:13-15). Dit wat talle christene as die instelling van ‘n gereelde “nagmaal” beskou, is in werklikheid die eeu-oue jaarlikse pasgamaaltyd waaraan Y'shua die bykomende betekenis van die aanbreek van die nuwe verbond gevoeg het. Y'shua en sy dissipels het hierdie feesmaal ‘n dag vroeër gevier omdat die Messias as “Pesach” self “geslag” sou word en nie meer die volgende aand by sy dissipels sou wees nie. Die enigste bepaling wat op die oorblywende vyf dae van “matsah” van toepassing is, is die verbod op suurdeeg, waarna reeds verwys is. Die weeklikse Shabbat wat in hierdie periode van sewe dae val, word as ‘n gewone Shabbat gehou.

4. Wat gebeur met Rehshiet en wanneer vind dit plaas?

Wayyikra / Lev 23:10-14 bepaal dat ‘n eerstelinggerf (‘n “omer” van die “rehshiet” van die oes) voor die aangesig van Yahweh op “die dag na die Shabbat” tydens Ongesuurde Brode beweeg moet word. “Omer” beteken normaalweg ‘n hoop of ‘n bondel, maar dit blyk dat dit hier die betekenis van ‘n enkele “gerf” het (soos in Rut 2:7). “Rehshiet” kom van die woord “rosh” en dui op die eerste en belangrikste deel van die oes - daarom word die vertaling “eersteling” tereg gebruik. Hierdie eersteling wat op ‘n sekere dag tydens Ongesuurde Brode voor die aangesig van Yahweh beweeg moet word, is ‘n eersteling van die gars-oes, aangesien die koring eers ‘n paar weke later ryp word. Soos reeds gesien, verwys die naam van hierdie maand, Abib, na die jong, groen gars gerwe wat reeds voor die aanbreek van die maand sigbaar moet wees. Die vraag is egter nou: Op watter dag is hierdie “rehshiet” beweeg? Die antwoord op hierdie vraag is baie belangrik, want van hierdie dag af moet daar presies 50 dae (of sewe weke plus een dag) getel word om te bepaal op watter dag “shavuot” of Pinkster val (vgl. Wayyikra / Lev 23:15-22). Sommiges, waaronder die destydse Fariseërs en baie Joodse groepe vandag, verstaan die “dag na die Shabbat” (Wayyikra / Lev 23:11) as die dag na die eerste dag van Ongesuurde Brode. Volgens hierdie verstaan is die “shabbat” waarvan hier gepraat word, dus nie die weeklikse shabbat nie, maar die “fees-shabbat” wat op enige dag van die week kan val. Andere, waaronder die destydse Sadduseërs en baie ander groepe wat ‘n hernude belangstelling in Yahweh se feeste toon, verstaan die “dag na die Shabbat” as die dag na die weeklikse Shabbat wat in die 7 dae periode van Ongesuurde Brode val. Daar kan talle argumente vir of teen beide hierdie twee standpunte gebruik word. Volgens ons verstaan op hierdie stadium lyk dit na ‘n groter waarskynlikheid dat die woord “shabbat” in Wayyikra / Lev 23:11 die normale, weeklikse shabbat beteken en dat “rehshiet” en “shavuot” (50 dae later) dus altyd op die eerste dag van die week (Sondag) val. In die laaste gedeelte van vers 15 staan daar letterlik: “sewe shabbatte moet verby wees” (nie: “sewe weke moet vol wees” nie - daar is ‘n ander woord vir “weke” in Hebreeus). In die begin van vers 16 staan daar spesifiek: “Tot die dag na die sewende shabbat moet julle vyftig dae tel” (nie: “tot [iewers] na die sewende Shabbat moet julle vyftig dae tel” nie). Wanneer Pesach op ‘n Woensdag val (soos dit waarskynlik die geval was toe die Messias tereggestel is), sal daar presies drie dae en drie nagte verloop van die aanbreek van Ongesuurde Brode tot die aanbreek van “rehshiet” op die dag na die weeklikse shabbat. Op dié manier kon Y'shua met sy opstanding na drie dae en drie nagte in alle opsigte die vervulling wees van die torah beginsel van die “eersteling” uit die dode of “rehshiet” soos wat Sha’ul (Paulus) in Hand 26:23; 1 Kor 15:23 en Kol 1:18 tereg aandui. Hierdie tydsverloop van drie dae en drie nagte is nie moontlik as “rehshiet” op die dag na die eerste fees-shabbat (dus altyd op 16 Abib) moet plaasvind nie.